## 15. Omgeepapier 13 - 18 Mei 2024

**Hand. 2 : 1 - 21 Pinkster lei die era van Die Heilige Gees in!**

**(Net Vir interessantheid:**

- **Die Ou Testament handel hoofsaaklik oor God Die Vader se werk;**
- **Die 4 Evangelies gaan hoofsaaklik oor Jesus, God Die Seun se werk en Woord;**
- **Die boek Handelinge en die res vd Nuwe Testament handel meer oor God die Heilige Gees se werk)**

1. **"Die Krag van die Heilige Gees":** Lees Hand. 1:8; en Fil 4: 11, 12 en dan 13; Lees Rom 8:11, 13, 26 en 27; Lees 1 Tim 4: 14; Lees ook Gal 5:22
   **Vraag - Waarvoor gee die Gees jóú krag?; Wat is jóú genadegawe wat die Heilige Gees jou gegee het? Om te kan .................... ? Wat kom jy nog kort, waarvoor jy moet bid? Vir .............................. ?**

2. Lees Hand 2:7 - 11.
   **Vraag - Watter bevolkingsgroepe, taalgroepe, slegte mense, skurke, mag ons maar uitsluit / ignoreer in ons evangelisasiewerk / sendingwerk / getuienis / vriendelikheid / barmhartigheid? M.a.w. wie sluit die Here uit, uit Sy genade? Vir wie moet ons spesiaal bid?..........................................................................?**

3. Lees Eseg 37:1-14;
   **Vraag - Watter "Doodsbeendere" is daar in jou omgewing waaroor jy moet profeteer / die "blye boodskap van verlossing" nogeens moet verkondig, sodat Die Heilige Gees hulle kan lewend maak? Vir .................................. ?**

4. **Gebedsversoeke: Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   - **Vir die "Doodsbeendere" in ons omgewing**
   - **Vir vergete / verloregaande mense**
   - **Vir almal in die gemeente wat ernstig siek is**
   - **Vir krag vir almal wat deur krisisse gaan**
   - **Vir die Gees se Leiding voor en tydens die 2024 verkiesing**
   -
   -
   -

   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -
   -